Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 8, Nr 2, 1978. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# DIE SUID-AFRIKAANSE MILITÊRE VERPLEGINGSDIENS

**KAPT A. E. VAN JAARSVELDT**

**With the establishment of the Union Defence Force, provision was made for a nursing unit. Initially this merely took the form of a voluntary auxiliary detachment, but after the South West African campaign a permanent unit, the South African Military Nursing Service, was established. This unit gave good account of itself serving both in Europe and elsewhere.**

**With the conclusion of World War I, the unit, being specifically a wartime organisation, was nearly completely demobilised. During the 1920's however it was realised that should a war break out the Service would be in no position to provide the necessary nursing personnel. The Service was consequently reorganised, though this reorganisation did not come up to expectations for with the outbreak of World War II it was still not up to strength. In spite of this, however, the matron-in-chief managed to provide the requisite nursing personnel. In the aftermath of war, she has expressed her full satisfaction with the way in which the women have acquitted themselves, saying that South African nurses did not fall short of the ideals for which the nursing services of the world stand.**

Sedert Florence Nightingale se werksaamhede onder gewondes tydens die Krimoorlog, is die nut en rol van die verpleegster in krisis of oorlogsomstandighede na waarde geskat. Met die oprigting van die Unieverdedigingsmagte in 1912, is haar waarde nie misken nie, maar die oprigting van 'n eie Suid-Afrikaanse militêre verplegingafdeling, is ietwat agterweë gelaat daar groter dringendheid aan die oprigting van ander eenhede gekoppel is.

In 'n Staatskoerant van 3 Desember 1913, proklamasie no 1880 getiteld 'Regulaties voor de Geneeskundige Dienst Unie Verdedigingsmacht' word vaagweg na die verplegingsdiens verwys wat getuienis is dat hoër gesag wel van hulle nut bewus was, maar nie in staat om te reageer nie. In die proklamasie waarin die samestelling van die Suid-Afrikaanse Militêre Geneeskundige Diens volledig uiteengesit word, word net kortliks verwys na die oprigting van 'De Vrijwillige Hulp Afdeling'. Dit sou bestaan uit 'Enige vrijwillige verplegingsdienst om de zieken en gewonden in tijd van oorlog te verplegen en die opgericht kan worden overeenkomstig *artikel honderd een en twintig* van de wet, wanneer zodanige dienst in tijd van oorlog opgeroepn wordt.' In so 'n geval — lui die proklamasie — 'zullen allen de regulaties die gemaakt zijn ingevolge *artikel honderd een en twintig* van toepassing zijn'. In die uiteensetting van personeel benodig (in die selfde regulasie) vir 'Een gevestigd Hospitaal (200 Bedden)' en 'Een Algemeen Hospitaal (520 Bedden)' word weer na die 'Zuid-Afrikaanse Militaire Verplegingsdienst' verwys. Naas die eenheid se naam en die getalle opgeleide verpleegsters benodig, word geen verdere besonderhede oor hoe die eenheid sou funksioneer of sy organisasie verstrek nie.

Die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog ses maande later, het die Unieverdedigingsmagte op die verkeerde voet betrap aangesien sy herorganisasieproses wat in 1912 'n aanvang geneem het, nog nie voltooid was nie. Wat geneeskundige reëlings vir die Weermag betref, het die Geneeskundige Diens toe onder die vleuels van die Departement van Volkswelsyn geopereer. Laasgenoemde het die seksie se administratiewe aangeleenthede beheer terwyl die seksie geweldig op die *Royal Army Medical Corps* vir die uitvoer van sy werksaamhede gesteun het. Die seksie se hoofkwartier het op daardie stadium net uit drie persone bestaan te wete majoor P.G. Stock ('n Stafoffisier), kaptein Cope ('n kwartiermeester in bevel van die mediese voorrade) en mnr H. Jones ('n klerk). Geen voorsiening was dus op daardie stadium vir 'n eie Suid-Afrikaanse militêre verplegingsdiens getref nie.[1]

---

1. Volgens W.G. McPherson: *Official History. War Medical Services Vol I* p 344 was daar reeds 'n voorlopige skema vir die militêre verplegingsdiens voor die uitbreek van die ooraanwesig maar die uitvoering daarvan is vertraag. Die hoofstukke oor die Suid-Afrikaanse Geneeskundige Diens in die genoemde werk, is deur maj P.G. Stock, Direkteur Mediese Diens, Unieverdedingsmag gedurende die Eerste Wêreldoorlog, wat op hoogte met die verplegingsdiens se oprigting was, geskryf. Dokumentêre bewyse van so 'n skema — wat volgens hom later in werking gestel is — kon egter nie opgespoor word nie.

Die onttrekking van die oorgrote meerderheid van die *Royal Army Medical Corps*-lede uit die Unie en die gepaardgaande sluiting van vier militêre hospitale[2] het die Suid-Afrikaanse Geneeskundige Diens in 'n benarde posisie geplaas. Nie alleen moes nie afdeling vergroot om in die Unieverdedigingsmagte se behoeftes te voorsien nie maar die personeel moes vir die taak opgelei word. In 'n poging om die knelpunt te oorbrug, is die Suid-Afrikaanse Militêre Verplegingsdiens inderhaas georganiseer.

Op 19 Augustus 1914 is mev E.R. Creagh[3], matrone van Weskoppies Hospitaal (vir sielsiekes) as oppermatrone van die Suid-Afrikaanse Militêre Verplegingsdiens aangestel met die opdrag om die eenheid op die been te bring. Dit was uit die aard van die saak geen maklike taak nie omdat die eenheid feitlik oornag, uit niks, opgerig moes word.

As tydelike noodmaatreëls om die nodige opgeleide personeel so gou moontlik te bekom, is in die Staatskoerant (proklamasienommer 1405) die oprigting van 'n vrywillige verplegingsdiens op 24 Augustus 1914 aangekondig. Die dames moes beskikbaar wees vir 'n tydperk van ses maande of vir die duur van vyandelikhede in Suid-Afrika, welke tydperk dan ook die korste is, of totdat besluit word om van die diens af te sien. Gedurende die tydperk sou matrones en susters ongeveer 75c en 65c per dag onderskeidelik besoldig word. Daarby sou hulle op 10c per dag vir uniform- en wastoelae asook losies en rantsoene geregtig wees.

Heelwat dames het spontaan op die proklamasie gereageer en aangemeld vir diens by die eenheid. Dit het matrone Creagh in staat gestel om hulle te organiseer en aan die militêre hospitale of die hospitaalskip, die *SS Ebani*, te plaas. Nie alleen is hierdie instansies van opgeleide personeel voorsien nie maar sommige verpleegsters was ook bereid om die inval in Suidwes-Afrika mee te maak. Hulle is verdeel sodat al vier invalsmagte voorsien is van opgeleide verpleegsters. Oppermatrone Creagh was persoonlik in beheer van die dames wat tot die Noordelike mag toegevoeg is, terwyl matrones J.C. Childe en L. Niven onderskeidelik oor die Oostelike en Sentrale Magte was. Matrone J.G. Alexander was weer in beheer van die *Ebani*.

Ten spyte van die feit dat die reëlings oorhaastig getref is — skaars 'n maand nadat die proklamasie afgekondig is, het die invalsmagte reeds vertrek — het die verpleegsters hulle deeglik van hulle taak gekwyt. Die *Diamond Fields Advertiser* meld dat hulle 'far from being anything of a 'muddle through'' were a marvel of efficiency'.[4] In 'n medalje-aanbevelingsverslag deur oppermatrone Creagh is haar tevredenheid met haar staf se optrede te bespeur as sy aangaande die meerderheid verpleegsters getuig: 'her quiet hard work and endless patience was of great value and her services are considered to warrant reward.'[5] So ook talle ander soos 'unsparing in the duty of her patients and her dedication to duty'[6] en '...outstanding work carried out cheerfully and well under most trying circumstances.'[7]

Die afloop van die Suidwesveldtog het nie die einde van die Unie se aktiewe deelname in die stryd beteken nie. Soos in die geval van die Suidwesveldtog is 'n beroep op vrywilligers gedoen, om aan te sluit om diens in Europa te lewer. Daar is ook, onder ander, besluit om 'n aantal Suid-Afrikaanse verpleegsters die tog te laat meemaak.

Tot op daardie stadium was die verpleegsters in 'n vrywillige verplegingsdiens georganiseer. Dit was egter noodmaatreëls wat inderhaas getref is ten einde die nodige personeel vir die Suidwesveldtog te voorsien. Terselfde tyd moes die reëlings die oppermatrone die geleentheid bied om die organisasie vir 'n permanente eenheid deeglik te beplan en te omskryf. Derhalwe is besluit om tydens die kort 'blaaskansie' wat die Unie na afloop van die Suidwesveldtog gegun is eer die magte na Europa sou vertrek, die vrywillige verplegingsdiens te ont-

---

2. Die militêre hospitale te Potchefstroom, Pietermaritzburg, Roberts Hoogte in Pretoria en Tempe in Bloemfontein is gesluit. Later is die militêre hospitaal by Roberts Hoogte in Pretoria heropen om naas die een by Wynberg na die behoeftes van die oorblywende koloniale troepe en die Unieverdedingsmag om te sien.

3. Die rede vir die aanstelling is volgens prof C. Searle gebaseer op die feit dat mev Creagh reeds 'n senior verpleegster in diens van die Staat was. Daarby het sy ondervinding van verpleging onder oorlogsomstandighede bekom gedurende die Anglo-Boereoorlog. Gevolglik is sy na die Suid-Afrikaanse Militêre Mediese Diens gesekondeer om die belangrike pos te beklee. Kortlikse vertaalde weergawe van C. Searle: *History of the development of Nursing in South Africa 1652 — 1960* (Cape Town, 1965) p 362. Heelwat bronne dui matrone Creagh terwyl onder matrone Stanford as the eerste oppermatrone van die Unie aanwys. Tydens 'n onderhoud te Pretoria met mej C.A. Nothard (oppermatrone gedurende die Tweede Wêreldoorlog) het dit aan die lig gekom dat mev Creagh geskei en na afloop van die Eerste Wêreldoorlog met 'n mnr Stanford getroud is. Hy was ook in die Weskoppies Hospitaal werksaam.

4. Hoofartikel in die *Diamond Field Advertiser* Maandag 13 September 1915.

5. WWI GSWA Houer 23a *Medical : SAMC & SAMNS — verslag* oor suster J.M. Ferguson aan die basishospitale toegevoeg was.

6. *Ibid*: Verslag oor suster M.A. Fynn.

7. *Ibid*: Verslag oor suster E.M. Pearson.



Aankoms van lede van die Suid-Afrikaanse Militêre Verplegingdiens in Lüderitzbucht

bind en met 'n permanente een te vervang. In 'n Staatskoerant in September 1915 proklamasienommer 970 is die besluit te kenne gegee en dat die vrywillige verplegingsdiens ontbind en 'n permanente eenheid — die Suid-Afrikaanse Militêre Verplegingsdiens — daargestel is. Die eenheid sou 'n divisie van Suid-Afrikaanse Militêre Ambulansdiens vorm (artikel 121 van die Verdedigingswet). Die gedagte was dat 'n permanente verpleegstersorganisasie wat in tye van nood opgeroep kon word om diens by enige gedeelte van die Unieverdedigingsmag te lewer, op te rig.

Die eenheid se sterkte is op 250 lede vasgestel. Hulle sou onder die bevel van die Direkteur Mediese Dienste, bygestaan deur 'n Adviserende komitee, beheer word. Laasgenoemde komitee sou uit die oppermatrone, eerste of 'principle' matrone —so ver moontlik sou een per militêre distrik aangestel word — asook vyf ander dames wat deur die Minister van Verdediging genomineer sou word, bestaan.

## Noordwaarts

Aanvanklik is besluit om geen Suid-Afrikaanse verpleegsters na Oos-Afrika te stuur nie maar dat slegs opgeleide verpleegsters die Unieverdedigingsmagte na Europa sou vergesel. Oppermatrone Creagh was persoonlik in bevel van die Suid-Afrikaanse verpleegsters wat die tog meegemaak het. Mej Nutt het intussen haar pos tuis waargeneem.

Namate die situasie aan die Wesfront versleg het, is al hoe meer verpleegsters benodig. Gevolglik is besluit om sover moontlik manlike verpleërs aan militêre hospitale in die Unie vry te stel vir diens aan die front. Hulle poste is deur verpleegsters gevul. Hierdie wendinge het geweldige eise aan die pasopgerigte Suid-Afrikaanse Militêre Verpleegdiens gestel.

## Verpleegsters benodig

Reeds voor die oorlog was daar 'n tekort aan opgeleide verpleegsters in die Unie ondervind. Ten spyte daarvan is nogtans genoeg dames vir die Suidwesveldtog gemobiliseer. Die skaarste in personeel het egter 'n invloed op die veldtog gehad aangesien relatief junior verpleegsters soms noodgedwonge in senior poste aangestel moes word.

Na afloop van die veldtog kon die situasie nie reggestel word nie aangesien al hoe meer verpleegsters toe vir diens oorsee benodig was. Die situasie het toe eerder vererger aangesien baie verpleegsters toe op eie onkoste oorsee vertrek het om diens daar te lewer. Baie het direk met die Britse Mediese owerhede geskakel sonder om eers die oppermatrone se goedkeuring te bekom. Hierdie 'uittog' van Suid-Afrikaanse verpleegsters het die tekorte wat reeds voor die uitbreek van die oorlog ondervind is, vererger. Gevolglik is besluit om onopgeleide dames in die Unie se geneeskundige bedrywighede te betrek, ten einde die probleem te bowe te kom.

'n Verdere belangrike stap in die mannekragvoorsiening was seker die verkryging van die nodige goedkeuring om militêre hospitale as opleiding sentra aan te wend. Aanvanklik is opleiding aan militêre hospitale nie deur die Mediese Rade erken nie. Nadat met die Mediese Rade van die betrokke provinsies onderhandel is, is toestemming bekom om opleiding aan militêre hospitale aan te bied. Die opleiding moes net in ooreenstemming met die betrokke provinsie — waar dit aangebied was — se bepalings ooreenstem.

Die verpleegsteropleiding het naamlik van provinsie tot provinsie verskil. Daarom was dit noodsaaklik dat naas algemene opleiding ook aan hierdie provinsiale regulasies gehoor gegee moes word. Wat die Kaap, Natal en die Oranje-Vrystaat betref moes 'n reeks van twaalf lesings gedurende elke opleidingsjaar bygewoon word. Verder moes prak-

tiese demonstrasies deur opgeleide en geregistreerde susters asook mediese ordonanse aangebied word. Aan die einde van die opleidingstydperk moes hulle geskrewe, mondelinge en praktiese eksamens oor die volgende onderwerpe, elementêre anatomie, sielkunde en medisyne, algemene mediese, sjirurgiese en maandelikse verpleging en algemene hiegene, aflê. In Transvaal is weer verwag dat hulle slegs eksamens in anatomie en sielkunde aflê asook die voorgeskrewe finale eindeksamen slaag.

Die nadeel verbonde aan hierdie ooreenkoms met die Mediese Rade van die onderskeie provinsies was, dat so 'n leerlingverpleegster vir die duur van haar opleiding slegs in één bepaalde provinsie aangewend kon word. Hulle kon nie verplaas word na ander militêre hospitale indien krisisse opduik nie. Die opleiding en sodoende verkryging van meer opgeleide dames het egter in 'n groot mate vir hierdie nadeel vergoed.

## Eksodus beëindig

Ten slotte is probeer om te verhoed dat die tekorte aan verpleegsters verder toeneem deur die uittog van opgeleide verpleegsters na Europa stop te sit. Nadat met die Britse Oorlogskantoor onderhandel is, kon verpleegsters slegs via die Suid-Afrikaanse oppermatrone na Europa gaan. Die onderhandelings het boonop die toevloei van korrespondensie na die Oorlogskantoor verminder. Terselfdertyd het dit die Unie die geleentheid gebied om behoorlik in beheer van die reëlings rakende Suid-Afrikaanse verpleegsters te staan. Sodoende is nie net die uittog stopgesit nie, maar die oppermatrone was ook instaat om reëlings hetsy oorsee en tuis beter te beheer.

'n Belangrike uitvloeisel hiervan was, dat verpleegsters voortaan verplig kon word om eers drie maande tuis aan 'n militêre hospitaal te verpleeg eer sy vir plasing by die oorsese kontingent oorweeg is. Sodoende is verpleegsters wat oorsee aangewend is eers tuis in militêre aangeleenthede opgelei. Terselfdertyd het die maatreël ook die nodige plaaslike verpleegsters voorsien deur verpleegsters wat bereid was om in Europa maar nie aan plaaslike militêre hospitale te verpleeg nie, te dwing om eers in die Unie te verpleeg. Gesien in die lig van die toevloei in pasiënte na die Unie toe besluit is om die pasiënte vanaf Oos-Afrika na die Unie te ontruim, was hierdie onderhandelings van onskatbare waarde.



Veldmaarskalk J.C. Smuts op besoek in die Midde-Ooste.

## Aan ander Fronte

Hoewel aanvanklik besluit is om geen Suid-Afrikaanse verpleegsters in Oos-Afrika aan te wend nie, is 'n aantal later wel gestuur. Hulle het ten spyte van die talle siektes soos malaria waar deur hulle geteister was, hulle plek volgestaan.

Wat diens elders betref, is hulle met groot vrug aangewend. In Brittanje het hulle die Suid-Afrikaanse militêre hospitaal by Richmond beman asook die Mont Dorc en Bournemouth. Hier het hulle hoofsaaklik lede van die Suid-Afrikaanse Kontingent versorg, 'n maatreël wat op sy beurt moreel onder die Suid-Afrikaanse magte verhoog het.

In Frankryk was die aard van hulle taak ietwat gevaarliker as elders aangesien hulle soms onder spervuur deurgeloop het. Hier het hulle 1 SA Algemene Hospitaal asook 'n aantal afvoerposte en 'n ambulanstrein beman.[7] Na mate die Duitse magte al nader beweeg het, het toestande daar al hoe gevaarliker geword — veral aangesien die hospitaal naby die ammunisiedepot geleë was.[8]

---

7. Nongqai vol 34 no 12 December 1943 (South African Nursing Service) p 1313.

8. Onderhoud met mej C A Nothard.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 8, Nr 2, 1978. http://scientiamilitaria.journals.ac.za



Lede van 102 (SA) Algemene Hospitaal in Italië op 'n besigtigingsuitstappie.

**Afloop van die stryd**

Na afloop van die oorlog is die oorgrootte meerderheid verpleegsters gedemobiliseer. Slegs 'n geringe aantal is op 'n permanente basis behou om die militêre hospitale in die Unie te beman. Al die inspanning en moeite wat met die oprigting en uitbouiing van die eenheid gepaard gegaan het, is hierdeur feitlik tot niet gemaak. Die demobilisasiemaatreëls het die eenheid weer in 'n voor-oorlogse staat van ontwikkeling geplaas – departementele skommelinge sou hieraan egter spoedig 'n einde maak.

**Herorganisasie in 1921**

Die afname in sterkte van die Suid-Afrikaanse Geneeskundige Diens en die gepaardgaande na-oorlogse besparingsmaatreëls, het meegebring dat alle militêre hospitale en ander mediese instansies wat deur die Departement van Verdediging geadministreer is, met ingang van 1 Mei 1920 weer onder die beheer en toesig van die Departement van Gesondheid geplaas is. Die militêre geneeskundige diens sou 'n militêre seksie van die Departement vorm. Sir Edward Thorton, die assistent gesondheidsoffisier is namens die Sekretaris van Gesondheid oor die seksie aangestel. Net soos voor die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog was die Suid-Afrikaanse Militêre Geneeskundige Diens weer deel van die Departement van Gesondheid.

Hierdie verwikkelinge het ook 'n weerklank by die verplegingseenheid gevind. Anders as die mediese korps wat weer op die agtergrond geskuif is, sou verpleging by hierdie verwikkelinge baat. Verpleging as sulks was naamlik voor die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog ietwat opsy geskuif – hoewel weens ekonomiese redes aangesien die Unieverdedigingsmagte in 'n oprigtingstadium verkeer het – sonder dat dit gedurende die oorlog reggestel is.

Die eenheid was naamlik 'n oorlogseenheid, dit wil sê opgerig slegs om vir die duur van die oorlog 'n rol te vervul. Na afloop van die oorlog kon dit weer ontbind word.[9] Hierdie be-

9. Reekshouer DC 1250 Lêer M/691 *Medical Services for the Union – general arrangements*. In 'n brief dd 9 Oktober 1920 aan die Sekretaris van SATNA deur die Departement van Gesondheid meld die waarnemende Direkteur van die Geneeskundige Diens dat lede (verpleegsters) nadat hulle gedemobiliseer is nie meer aan die eenheid behoort het nie. Hulle dienste het daardeur vir die eenheid verlore gegaan.

perkings het dus niks positiefs of permanents vir die militêre verplegingsdiens ingehou nie. Verder het dit ook beteken dat in krisistye daar geen georganiseerde of bestaande organisasie was wat tesame met die gevegsdele gemobiliseer kon word nie. Die eenheid sou telkens opnuut voor probleme soos oprigting of uitbreiding te staan kom wat die aanvanklike aanwending en selfs die optrede van die eenheid kon strem. In hierdie opsig het sir Edward Thornton se aanstelling die verplegingsdiens gebaat.

Kort na sy aanstelling het hy begin om die eenheid op 'n meer permanente grondslag te plaas. Hoewel dit aanvanklik nog op 'n vrywilliger basis georganiseer sou word, sou die eenheid met die loop van tyd tot 'n volwaardige eenheid groei. Sir Edward wou naamlik die Verplegingsdiens op dieselfde grondslag as die *Queen Alexander Imperial Nursing Service (Reserve)*, skoei. Hy wou met ander woorde die eenheid as 'n militêre reserwe van verpleegsters organiseer wat in tye van nasionale krisisse kon optree. Die eenheid sou dus slegs 'n reserwe en nie 'n permanente instelling wees nie.[10]

Een van die vernaamste probleme in die organisasie van so 'n Reserwe was dat indien die verpleegsters opgeroep word, hulle hul vaste betrekking moontlik kon verloor indien nie eers vooraf die toestemming van hulle betrokke werkgewers bekom is nie. Om te verhoed dat hulle hul poste verloor, is besluit om in die Reserwe se voorgeskrewe regulasies daarvoor voorsiening te maak.

In September 1920 is die uiteindelike skema gebasseer op 'n skema wat deur kolonel P.G. Stock[11] (die eerste Suid-Afrikaanse Direkteur Geneeskundige Dienste) voorberei is, aan die Sekretaris van Verdediging voorgelê. Daarin is vir bogenoemde probleem voorsiening gemaak, maar ten spyte daarvan, is besef dat die klousule nie genoeg was om verpleegsters te prikkel om aan te sluit nie. Kolonel Thornton het besef dat hulle oor die algemeen skugter ten opsigte van regulasies was en skertsend opgemerk veral diegene wat reeds 'n voorsmakie van militêre diens gehad het.[12] Hy stel derhalwe voor dat daar nouer met siviele verplegingsorganisasies kontak gemaak moes word. Kolonel Thornton het besef dat indien hulle samewerking bekom word, hulle verpleegsters sou aanmoedig om as lede van die militêre Verplegingsreserwe te registreer. Om hierdie kontak te bewerkstellig, stel hy by die indiening van die regulasies aan die Sekretaris van Verdediging voor dat afskrifte daarvan aan die Uitvoerende Komitee van die Suid-Afrikaanse Opgeleide Verpleegsters Assosiasie asook aan die Rooikruis gestuur moes word. Hulle kon dit bestudeer en ook wysiginge voorstel alvorens die regulasies gepubliseer word. Sir Edward wou deur die organisasie te ken in die opstelling van die regulasies onderlinge samewerking vergemaklik wat uiters noodsaaklik was vir die geslaagde oprigting van die Reserwe.

Sy voorstel is aanvaar waarop die regulasies dan ook aan die betrokke organisasies gestuur is. In die vergesellende brief waarin hy die rede vir die oprigting van 'n verplegingsreserwe uiteensit, som hy die doelwit van so 'n reserwe op met 'the object of getting Nurses to register with the Department as being willing to be called out in time of War or National Emergency, and of staffing the Military Hospitals with volunteers from members so registered, in time of peace.'[13]

## Oprigting — 'n werklikheid

Sy versiendheid in sy erkenning van hierdie siviele instansies het verreikende gevolge gehad. Reeds op 23 April 1921 kon die oprigting van die voorgestelde verplegingsreserwe amptelik bekend gemaak word.[14] Daarnaas is die oprigting van 'n Verdedigings-verplegingraad ook aangekondig. Laasgenoemde sou uit 'n voorsitter soos aangewys deur die Minister, twee matrones van burgerlike hospitale — hulle sou deur die Uitvoerende Komitee van die Suid-Afrikaanse 'Geoefende Verpleegsters Vereniging' benoem word — asook die

10. Persoonlike lêer P1/A54 *Appointments and general salary Miss M. Tilney MBE, RRC.* Daarin verskyn 'n brief aan mev J. Thompson die sekretaresse van die Kaapstadse tak van die Nasionale Verpleging Raad van Suid-Afrika deur die sekretaris van Verdediging dd 19 September 1924 waarin hy die situasie verduidelik.

11. Reekshouer DC 1250 Lêer M/691 *Medical Services for the Union — general arrangements.* 'n Brief dd 24 Augustus 1920 aan die Sekretaris van Gesondheid deur luitenant-kolonel Thornton lui 'Colonel Stock had this matter inhand prior to his departure and had a rough draft prepared which however was considered by the Matron-in-Chief and myself to be useless for Peace conditions.' In 'n latere brief dd 13 September meld kolonel Thornton — wanneer hy die regulasies aan die Sekretaris van Verdediging voorlê dat die regulasies 'are based on a draft which was prepared by Colonel Stock, but they have been considerably modified by me as to make them fit in with Peace conditions.' Naas hierdie verwysings kon geen verdere dokumentêre bewyse of the skema self opgespoor word nie.

12. Reekshouer DC 1250 Lêer M/691 *Ibid.*, brief dd 24 Augustus 1920 aan die Sekretaris van Gesondheid deur luitenant-kolonel Thornton.

13. Reekshouer DC 1250 Lêer M/691 *Ibid.*

14. Staatskoerant 23 April 1921 proklamasie 660 'Wijzigting van de regulaties vir de Zuid-Afrikaanse Militaire Verplegingsdienst.'

fungerende oppermatrone, bestaan. Die Raad sou minstens eenmaal per jaar vergader om die Minister ten opsigte van die volgende sake van advies te bedien naamlik:

a. die kies van 'n oppermatrone wanneer 'n vakature ontstaan;
b. die opstel en hersien van regulasies en voorwaardes wat die Verplegingdiens raak;
c. die inskryf en registreer van lede van die Reserwe;
d. enige ander aangeleentheid wat deur hetsy die Minister of die Direkteur Geneeskundige Diens bepaal word.

## Die Verdedigings-verplegingraad

Op 17 Augustus 1921 het die Raad die eerste keer onder die voorsitsterskap van mev J.C. Smuts in die Uniegeboue vergader. Die Raad het naas die voorsitster uit mejj B.G. Alexander, RRC en D.E. Arnot van die Johannesburg en Pretoria Algemene Hospitale wat die Geoefende Verpleegsters Vereniging verteenwoordig het asook die oppermatrone en die Direkteur Mediese Dienste in ex-officiohoedanigheid bestaan.

Nadat die presidente die opdrag vir die oprigting en werksaamhede van die Raad voorgelees het, het sy al die lede teenwoordig verwelkom en die hoop uitgespreek dat die Raad 'n blywende bydra in die Militêre Verplegingsdiens sou lewer. Wat veral, volgens mev Smuts, in die Raad se guns getel het, was die feit dat afgevaardiges van die Geoefende Verpleegsters Vereniging op die Raad sitting gehad het. Sodoende kon die Raad se werksaamhede die Vereniging en gevolglik meeste van die opgeleide dames in sy aktiwiteite betrek.

## Eerste sake op die agenda

Een van die Raad se eerste take was om die skepping van die Reserwe van verpleegsters wat in tye van oorlog of nasionale krisisse diens sou verrig, te bespreek. Van die probleme wat hule moes uitstryk was hoe die register, waarin alle besonderhede aangaande die dames wat tot die Reserwe sou behoort, asook hoe die Reserwe self, daar sou uitsien. Was laasgenoemde saak betref is besluit dat dit uit die oppermatrone, twaalf matrones,[15] vyftig susters, twee-honderd stafverpleegsters, tweehonderd vrywillige verpleegsters, dertig kokke en twaalf masseuse sou bestaan. Verder is besluit om die Geoefende Verpleegsters Vereniging te nader om die name van die opgeleide verpleegsters beskikbaar te stel. Die oppermatrone het ook onderneem om verpleegsters wat in die afgelope oorlog diens gelewer het, asook geskikte masseuses self te nader met die oog op aansluiting by die Reserwe. Wat die aanstelling van kokke betref, is besluit om die Vrywillige Hulp Afdelings (soos die Rooikruis en St Johns) asook huishoudskole te nader.

Die Raad het besef dat tydens 'n nasionale krisis hierdie dames te gering in getal was om na die behoeftes van die Unieverdedigingsmag om te sien. Gevolglik is besluit om 'n persentasiestelsel in te stel. Hospitaalowerhede sou naamlik genader word om 'n persentasie — 20%[16] — van hulle opgeleide verpleegsters toe te laat om as lede van die Reserwe te registreer met die verstandhouding dat nie meer as 10% van die verpleegsters tegelyk opgeroep sou word nie. Om die hospitale se goedkeuring te bekom en om die werking van die stelsel tegelykertyd aan hulle te verduidelik[17] is dit aan die oppermatrone, mev E.R. Stanford opgedra om die instansies te besoek en hulle op hoogte van die Raad se besluite te bring.

## In alle erns

Na die sitting van die Raad is die oprigting van die Reserwe in alle erns voortgesit. Die oppermatrone, mev Stanford het alle groot hospitale besoek en die Raadsbesluite asook die persentasiestelsel aan hulle verduidelik.

Haar werwingsveldtog het na die aanvanklike opflikkering in belangstelling nie veel resultate gelewer nie. So laat as 1927 het die Reserwe bestaan uit slegs haarself as oppermatrone, een matrone, vyf susters en tien stafverpleegsters. Aangesien die voorgestelde Register van verpleegsters, wat bereid was om diens in tye van oorlog te lewer, nie behoorlik bygehou is nie, het dit ietwat verval en was dit nie moontlik om die dames op kort kennisgewing beskikbaar te stel nie.

---

15. Reekshouer DC 1250 Lêer M/691 *Medical Services for the Union: general arrangements*. In 'n brief dd 14 September 1921 aan die redakteur van die *South African Nursing Record* meld kolonel Thornton dat die Raad se besluite deur die Minister van Verdediging goedgekeur is. Al wysiging wat die Minister aan die besluite gemaak het was dat twaalf matrones of assistent-matrones instede van die voorgenome twaalf matrones gerekruteer word.

16. Voor die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog is 15% van die Britse verpleegsters toegelaat om tot die *Reserve of Territorial Forces* toe te tree.

17. In 1937 verklaar sir Edward Thornton dat hulle pogings nie suksesvol was nie. Daarom is die persentasiestelsel later laat vaar.

Tydens die vyfde vergadering van die Raad wat op 6 Desember 1927 gehou is, is besluit om opnuut lewe in die werwingsveldtog te probeer blaas. Meer aandag is aan werwing bestee deur die Reserwe in die *South African Nursing Record* en aan opleidingshospitale te propageer.

Die veldtog was meer geslaagd as vorige pogings sodat die oppermatrone Tilney in 1928 kon rapporteer dat die Reserwe uit haarself as oppermatrone, drie matrones en twee assistent, sewe-en-sestig susters, honderd sewe-en-dertig stafverpleegsters, ses masseuses en vier verpleegsters op proef bestaan. Pogings om die register op datum te kry, was ook reeds van stapel gestuur.

**Interne leemtes**

Een van die groot leemtes in die Reserwe was moontlik die feit dat die oppermatrone tegelykertyd ook matrone van 'n siviele hospitaal was. Sy moes dus 'n dubbele taak verrig wat geweldige persoonlike eise gestel het.

Verder is die Raad se besluite of aanbevelings nie altyd uitgevoer nie. Later het dit geskyn asof al die Raad se pogings om iets konstruktief daar te stel hom net al hoe meer administrasie op die half gehaal het sonder dat iets konstruktiefs daargestel is. Die Depressie wat vanaf 1929 tot ongeveer 1933 gestrek het, het tot 'n groot mate daartoe aanleiding gegee dat meer aandag aan ander eenhede geskenk is tydens die instelling van besparingsmaatreëls as aan die verplegingsdiens. Hoe dit ook al sy die Raad het na 1934 nie weer vergader nie.[19] Daarmee is die deelname van siviel verpleegsters-organisasie in militêre verplegingsake ook beëindig.

**Mej C.A. Northard in beheer**

In 1934 is matrone C.A. Northard van die Addington Hospitaal as oppermatrone van die Militêre Verplegingsdiens aangestel. Die afname in die belangstelling in die eenheid sedert die laaste vergadering van die Verdedigings-verplegingsraad het egter meegebring dat haar pos as oppermatrone ietwat op die agtergrond geskuif is. In 1937 beken die Direkteur Geneeskundige Diens, dat sedert haar aanstelling as oppermatrone, dit nie vir hom moontlik was om haar in daardie hoedanigheid aan te wend nie. Die toenemende spanninge op internasionale vlak het egter op die stadium die behoefte aan so 'n pos asook 'n deeglike georganiseerde militêre verplegingsdiens, opnuut onder die kalklig geplaas.

In Januarie 1937 het die Direkteur (kolonel E.H. Cluver) en oppermatrone Nothard samesprekings met die oog op die herorganisasie van die eenheid, gevoer. Daartydens het die geblyk dat die Verplegingsreserwe as 'n organisasie nie aan sy doel beantwoord het nie. Om te verseker dat die organisasie 'n bydra in oorlogstye lewer, moes dit vooraf deur sistematiese opleiding in onderwerpe rakende die administrasie van militêre hospitale gerugsteun word. Daarteenoor is gevind dat verpleegsters wat vir 'n relatief lang periode by die militêre hospitaal by Roberts Hoogte werksaam was, nie veel meer in die militêre organisasie onderleg was as met hulle indiensname nie. Daarby is hulle bekwaamheid as verpleegsters ook in die proses aangetas. Kolonel Cluver verklaar die rede soos volg: 'We enrol nurses from civil hospitals. Some of them start full of professional enthusiasm. After a few months of service in a hospital, where practically everything is done by male orderlies, I feel justified in recording that a noticeable professional deterioration results. It is all very difficult to define precisely.'[20]

Ten einde die situasie die hoof te bied, stel matrone Nothard voor dat die bestaande Reserwe[21] ontbind word en 'n nuwe in sy plek opgerig word. Die nuwe Reserwe moes in 'n groter mate op die siviele hospitale steun. Wat die militêre hospitaal by Roberts Hoogte betref, moes slegs sleutelposte deur Staandemaglede beheer word. Die ander poste moes op 'n uitruilbasis vir tydperke wat ongeveer ses maande duur, deur siviele verpleegsters beman word. Die matrone-dosent kon hulle dan in militêre mediese administrasie oplei. Derdens was sy van mening dat die Verdedigings-verplegingsraad weer byeen moes kom.

Nadat samesprekings op hoër vlak gevoer is, is besluit om die skema van individuele aansluiting by die Reserwe te vervang met 'n stelsel waardeur siviele hospitale onderneem om op kort kennis-

---

18. Mej M.E. Tilney — sy het mev E.R. Stanford, OBE, RRC in 1925 as opperste matrone opgevolg toe laasgenoemde bedank het.

19. Die Verdedigings-Verplegingsraad is nie ontbind nie maar het net nie weer byeengekom nie. Eers in 1937 is voorgestel dat die Raad homself ontbind.

20. Reekshouer GG (Groep 2) 304 Lêer MD 35/18. *SAMNS Matron-in-Chief's Duties*. In 'n brief van 19 Januarie 1937 aan kolonel Edward Thornton, KBE skets hy sy bevindinge.

21. Die bestaande Register van verpleegsters wat tot die Suid-Afrikaanse Militêre Verplegingsreserwe behoort het, was onbevredigend aangesien baie verpleegsters wie se name daarop verskyn het weens swak gesondheid, ens nie op kort kennisgewing beskikbaar sou wees nie.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 8, Nr 2, 1978. http://scientiamilitaria.journals.ac.za



Mej C.A. Nothard – oppermatrone in Suid-Afrika gedurende die Tweede Wêreldoorlog.

gewing 'n aantal verpleegsters ooreenkomstig die Verplegingsdiens se benodighede, vry te stel. Die mediese korps kon dan vooraf bepaal hoeveel verpleegsters aan die begin en tydens die duur van die oorlog benodig word en die hospitale moes dienooreenkomstig hulle grootte en sterkte die verlangde verpleegsters persentasiegewys vrylaat.

Alvorens die oppermatrone die skema aan die siviele hospitale verduidelik het, is die benodigde aantal verpleegsters eers deeglik vasgestel. So is beraam dat kort na mobilisasie drie matrones en honderd ses-en-twintig verpleegsters benodig is. Ses maande later sou ses matrones en driehonderd en-dertig verpleegsters benodig word. Indien die kommando's ook opgeroep word, sou hierdie vereistes proporsioneel toeneem. Die gedagte was dat die verpleegsters in linies of in echelons opgeroep word. Siviele hospitale moes vir die eerste linie ongeveer twee matrones en vyftig opgeleide verpleeegsters vrystel. Een matrone en 'n verdere vyftig verpleegsters vir die tweede linie en daarna honderd verpleegsters per linie terwyl matrones net opgeroep sou word indien benodig. Op die wyse kon ongeveer vierhonderd verpleegsters bekom word wat as 'n redelike aantal gereken is.

Die voordeel van so 'n stelsel was dat die nodige opgeleide personeel feitlik onmiddellik bekom en by die onderskeie afdelings of militêre hospitale geplaas kon word. Dit het werwing en die opleiding van vrywilligers tot die minimum beperk. Verder het die skema ook die siviele hospitale se potensiaal as opleidingsentra ten volle benut. Aangesien die hospitale hulle werksaamhede moes voortsit en hulle vooraf gewaarsku is dat verdere eise van hulle gestel sou word, neem hulle vrywilligers of nie-praktiserende verpleegsters in diens en lei hulle op. Sodoende word al hoe meer dames opgelei en in die oorlogspoging benut.

**Uitbreek van Wêreldoorlog II**

Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het die situasie gesien van uit 'n geneeskundige oogpunt donker vir die verplegingsdiens vertoon. Pogings om 'n nuwe Reserwe daar te stel het wel na wense gevlot maar wat die Staandemagpersoneel betref, het dit bloot een matrone en veertien susters behels. Hulle was almal by die militêre hospitaal te Roberts Hoogte gestasioneer. Die pos van oppermatrone was daarby ook nog net 'n deeltyde pos. So 'n organisasie sou nie by magte wees om die mas in die stryd op te kom nie.

Een van die eerste stappe wat in die volskaalse uitbreiding van die verplegingsdiens geneem is, was om die pos van oppermatrone in die militêre geneeskundige direktoraat te inkorporeer. Deur die stap is die basis vir nouer samewerking daargestel wat in die uitbreidingsproses van groot belang was. Hierna kon voortgegaan word om die nodige opgeleide personeel by siviele hospitale to mobiliseer. Hoewel aanvanklik beloof is dat net 10% van die opgeleide personeellede getrek sou word, was matrone C.A. Northard genoodsaak om 20% aan te vra.

**Verskuiwing Bakens**

Die dames wat sodoende betrek is, het aanvanklik net in die Unie en Oos-Afrika diens verrig. Gedurende die verloop van die oorlog is die Unieverdedigingsmagte egter ook op ander fronte betrek, wat 'n uitbreiding in werksaamhede vir die Suid-Afrikaanse Militêre Geneeskundige Dienskorps en die verplegingsdiens meegebring het.

In Oos-Afrika het die Suid-Afrikaanse verpleegsters onder oppermatrone A.B. Conyngham se bevel opgetree. Tenspyte van die geweldige hitte het hulle by no 6 Algemene Hospitaal, nommer 5 en 6 Sentrale Opruimingsposte asook by die Lady Moore Hospitaal lyding verlig.

Nadat die Oos-Afrika veldtog afgehandel is, het die Unieverdedigingsmagte na Noord-Afrika beweeg. Behalwe vir 'n klein groepie onder leiding van suster Forbes wat by die kamphospitaal by Gilgil moes agterbly, is besluit om geen Suid-



'n Omvangryke taak - 'n verpleegoffisier help met die aftoer van 'n pasiënt.

Afrikaanse verpleegsters verder in Kenia aan te wend nie.

Weer eens is slegs die vrywilligers na Noord-Afrika verplaas. Die dames wat nie langer bereid was om diens te lewer as gevolg persoonlike of weens die uitputtende omgewingsfaktore nie, kon na die Unie terugkeer.

Soos tydens die veldtog in Oos-Afrika het die veldtog in Noord-Afrika geweldige eise aan die dames gestel. Hulle is meestal by veldhospitale wat blote tentsale met sandvloere was, geplaas. Dikwels was daar geen badkamers of wasgeriewe nie behalwe 'n paar krane wat om die hospitaal versprei was.

Namate die gevegsmagte vorentoe beweeg het, het hulle saam beweeg as gevolg waarvan hulle telkens onder spervuur geplaas is, en dus lewensgevaarlik was. Soms was hulle so na aan die front dat pasiënte direk van die slagvelde na basishospitale ontruim is sonder dat hulle wonde eers deur mediese ordonanse tydelik verbind of ontsmet is.

Na afloop van Noord-Afrika-veldtog het die Suid-Afrikaanse Militêre Verplegingsdiens se deelname buite die Unie nie beëindig nie. 'n Aantal het ook die Suid-Afrikaanse magte na Italië vergesel om daar waardevolle diens te lewer.

**'n Terugblik**

Na afloop van die vyandelikhede keer hulle terug. Tydens 'n radiopraatjie getuig oppermatrone Nothard aangaande hulle optrede — hetsy tuis of elders — 'We do not seek publicity, nor do we wish to advertise our work in this war. What we have done for humanity and our efforts have not been without loss, I can assure you. To those who sacrified their lives in their efforts to save the lives of others, I find no words adequately pay tribute to such sacrifices.

Since the first Military Nursing Service organised

by Florence Nightingale, women have nursed in time of war alleviating pain and suffering, cheering the wounded and doing all in their power to save human life with complete disregard for their own personal safety and comfort. South Africa has not fallen short of the ideals for which the nursing services of the world stand.'